Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 3, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# DIE UNIFORM VAN DIE TRANSVAALSE STAATSARTILLERIE

Die Transvaalse Staatsartillerie (TSA), as 'n gereelde en voltydse militêre eenheid van die ou Suid-Afrikaanse Republiek, het gespog met sy eie kenmerkende uniform.

Dr J. H. Breytenbach[1], Staatshistorikus, gee 'n uiteensetting van die uniform. Die TSA het twee tipes uniform gehad, nl 'n velddiens- of someruniform wat van 'n sandkleurige materiaal vervaardig is asook 'n parade- of winteruniform wat donkerblou van kleur was.

Eersgenoemde uniform het bestaan uit 'n baadjie met 'n toegeknoopte kraag en skouerstukke, bronsknope, rybroek, hoë rystewels met spore en 'n blou ronde mus. Die parade-uniform, daarenteen, was baie meer ornamenteel. Die baadjie het drie rye van ses knope vertoon, terwyl rye koord oor die bostuk van die uniform aangebring is. Die mus is met kwaste versier om die sierlike uniform af te rond. Hierdie uniform was egter onprakties as gevegsdrag.

Elke artilleris het 'n sabel gedra bykomstig by die res van sy bewapening wat deur Wet No 1 van 1896 soos volg bepaal is:

a. Offisiere en adjudant-offisiere — 'n rewolwer en verkyker

b. Onder-offisiere — 'n karabyn en verkyker

c. Trompetters — 'n rewolwer

d. Manskappe — 'n karabyn

e. Veldtelegrafiste — 'n karabyn en verkyker

f. Musikante — 'n degen en 'n rewolwer (Hierdie was die enigste wat nie sabels gedra het nie).

Die foto's wat volg, beeld nie al die gevalle wat hierbo genoem is uit nie, maar gee 'n redelike beeld van die verskillende variasies.

---

1 Breytenbach, J. H., Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902. Deel I, Pretoria 1969, p 57.



**Genl Piet Joubert, Transvaalse Kommandant-generaal**



**Majoor**




Kaptein



Eerste Luitenant



Luitenant-Adjudant in Klein Tenue



Tweede Luitenant

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 3, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



Tweede Luitenant (variasie)



Luitenant van die Veldtelegrafie



Adjudant Onderoffisier



Wagmeester (een van verskeie variasies)



Korporaal



Parade Uniform van Manskap
(een van verskeie variasies)



Manskap Rekruut